



# GESELSBRIEF – 3

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en eendersheid

## ONS GESELS VOORT

Oktober 2016

Sedert ons Augustus 2016 **GESELSBRIEF** het ons wonderlike terugvoer gekry asook bydraes van meelewende lidmate wat geskryf het omdat hulle wou en ook om sake aan te spreek waaroor hulle kommer in hul gemoed het. Ons kry ook gereeld versoeke om op ons adreslys te kom.

Soos in die vorige **GESELSBRIEF** gemeld, het die **Sinodebesluite werkgroep** (werkgroep 2) asook die **Eenheid en Verskeidenheid werkgroep** (werkgroep 3), op 10 September vergader om hul werksaamhede te begin. As deelnemer by beide hierdie twee werksgroepe het dit my opgeval dat daar 'n vermoedheid bestaan met die stryd van die Vrou in die Amp (VIDA), wat deur baie as 'n nie-wesentlike saak gesien word, maar wat al meer as dertig jaar duur. Dit was egter ook 'n riem onder die hart om die entoesiasme te sien wat daar bestaan om die saak van die VIDA op die kerklike weg te beredder. Die hoogtepunt vir my was die slotsom wat deur beide werksgroepe bereik is:

**Eenheid is nie eendersheid nie en  
Verskeidenheid is nie verskeurdheid nie**

Bogenoemde word ook so duidelik onderskryf in 1 Kor. 12 wat handel oor "Een liggaam met baie lede". Beide die werksgroepe vergader weer op 11 Maart 2017 met die doel om o.a. aan gemeentes wat belangstel, 'n konsep dokument te kan gee wat gebruik kan word as voorlegging aan hul onderskeie klassisse vir deurstuur aan die Sinode van 2018.

Die vier stukke wat in hierdie **GESELSBRIEF** geplaas word, het op 'n baie interessante wyse die vrae, hoekoms en waaroms, informeel begin beantwoord. Cornél Schoombie het die kritieke vrae oor vrou in ampte en kerk (waarheen op pad?) in gemaklike taal mooi bymekaar geplaas en wat mense sal laat dink. Hans Malan se aanbieding wys daarop dat die Openlike Verklaring by die klassis vergadering eintlik berus op 'n interne kontradiksie wat ontstaan het. Gerhard Labuschagne se stuk bind mooi in met die bg. twee, veral waar hy verwys na "verteenwoordiging as die sentrale probleem". 'n Omvattende probleem word saamgetrek in 'n enkel sin. Verteenwoordiging is nie net 'n kerklike probleem nie, maar dit strek deur die hele samelewing – sentralisasie of desentralisasie. Tussen die drie stukke is daar nogal verbasende ooreenkomste, wat wys dat die saak deur meer as een opgetel word en dat daar interne knelpunte is wat tot dusver redelik onder die oppervlak gebly het.

Prof Amie van Wyk se bydrae in ons *Oopgesprek*, oor hoe om die Bybel Christologies te lees, vervul 'n baie besondere rol deur uit te wys hoe noodsaaklik dit is om telkens ook uitkoms – toekoms perspektief – aan te toon. Prof Amie se stuk beklemtoon die feit dat ons die Bybel in sy regte konteks moet lees, en as Christene is Jesus Christus ons konteks en moet Christus sentraal staan in die wyse waarop ons die Woord verstaan en vertolk.

*Antoinette du Plessis*

## INHOUDSOPGAWE

|                                |   |
|--------------------------------|---|
| <b>Ons gesels voort</b>        | 1 |
| <i>Antoinette du Plessis</i>   |   |
| <b>Oopgesprek</b>              | 2 |
| <i>Om die Bybel</i>            |   |
| <i>Christologies te lees</i>   |   |
| <i>Prof Amie van Wyk</i>       |   |
| <b>Uit alle oorde</b>          | 4 |
| <i>Die Openlike Verklaring</i> |   |
| Hans Malan                     |   |
| <b>Ware</b>                    | 6 |
| <i>Verteenwoordiging 'n</i>    |   |
| <i>Probleem binne die</i>      |   |
| <b>GKSA</b>                    |   |
| Gerhard                        |   |
| Labuschagne                    |   |
| <b>Dit laat my wonder....</b>  | 7 |
| Cornél Schoombie               |   |

**Thea Heckroodt** van Wapadrant koördineer die **GESELSBRIEF**

Stuur nuusbrokkies asook e-posadresse van persone wat die **GESELSBRIEF** wil ontvang na [geselsbrief@gkwapadrant.co.za](mailto:geselsbrief@gkwapadrant.co.za)

Die Bybel is vir christene 'n normatiewe teks wat hulle as sodanig aanvaar en lees en waarvolgens hulle hulle lewens inrig. Hulle wil graag gehoorsaam wees aan die Woord van God. Die vraag is egter hoe hulle hierdie Woord moet verstaan en vertolk, want daar is soveel literatuursoorte in die Bybel soos byvoorbeeld poësie, geskiedenis, verhale, liedere, spreuke, profesieë, gelykenisse, metafore ensovoorts en elk van hierdie literatuursoorte vra om 'n eie manier van verstaan. As poësie soos geskiedenis gelees word, sal dit misverstaan word. Lesers maak dikwels die fout om alles in die Bybel letterlik te verstaan en daar word ook nie genoegsaam daarmee rekening gehou om 'n teks binne sy konteks te lees nie, d.w.s die konteks van destyds, die konteks in die Bybelboek self en die konteks van vandag.

Hiermee saam het die gereformeerde tradisie altyd gepraat van 'n voortgaande openbaringsgeskiedenis van God. Die Here God het nie alle waarhede ineens geopenbaar nie maar sy openbaring het in die geskiedenis telkens nuwe wendings geneem en nuwe lig gebring. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is dat die Wet 'n ontmande uit die gemeenskap van die volk van God uitgesluit het (Deut. 23:1) terwyl die profeet Jesaja wel 'n nuwe dag voorsien het (Jes. 65:3-4) en dit inderdaad in die Nuwe Testament aangebreek het in die geval van die ontmande man uit Ethiopië wat Filippus ontmoet het (Hd. 8:27).

Die hoogtepunt van hierdie Godsopenbaring vind ons natuurlik met die koms van die persoon en werk van Jesus Christus. Aan die twee Emmausgangers sê Jesus na sy opstanding baie duidelik dat "die Wet van Moses en die profete en die psalms" het "oor My" geskrywe (Luk. 24:44). Hebreërs 1:1-2 stel dit duidelik dat God "in die verlede baiekeer en op baie maniere deur die profete met ons voorvaders gepraat het" maar dat Hy "nou, in hierdie laaste dae, met ons deur die Seun gepraat het". Dit beteken dat Christus God se laaste, hoogste en finale Woord aan die wêreld en sy kerk is. Geen enkele teks in die Bybel mag dus buite-om Christus gelees, verstaan en geïnterpreteer word nie. Wie dit doen, doen die Bybel geweld aan en vergeet die belangrikste verklaringsprinsipe wat die Bybel self aan ons voorhou. Lees gerus maar die preke en voordragte in die boek Handeling en let op hoedat die sprekers telkens in hulle verklaring van die Skrif (destyds nog net die Ou Testament) by Christus uitkom.

Om 'n teks of Skrifgedeelte Christologies te lees,

moet dus rekening gehou word met die wending wat die kruis en opstanding van Jesus Christus gebring het. Deur sy verlossingswerk herstel Hy die beeld van God in die mens en herskep Hy die verhouding tussen man en vrou en tree Hy op 'n volkome nuwe manier teenoor vrouens op.

Dit is opvallend hoedat Christus op besondere wyse na vroue uitgereik het. Hy het wel nie 'n vroue-dissipel gehad nie maar dit is opvallend dat 'n aantal vroue (op byna ongehoorde wyse) as reisgenote in een asem met sy dissipels genoem word (Luk 8:1-3). Opvallend is ook dat Hy nie net mans nie maar ook talle vroue genees het, soos Petrus se skoonmoeder (Matt 8:14-15), die vrou wat aan bloedvloeiing gely het (Matt 9:18-26) en dat Hy nie net 'n seuntjie (van die weduwee van Nain) nie maar ook die dogtertjie van Jairus uit die dood opgewek het (Mark 5:21-43).

Verder was Hy ook dikwels met vroue in diep geloofsgesprekke betrokke, veral met Marta en Maria (Lyk 10:38-42; Joh. 11:17-32), maar ook met 'n owerspelige vrou (Joh. 8:1-11). Hy laat selfs toe dat 'n vrou sy voete was en met haar los hare afdroog – vir daardie tyd 'n onbetaamlike daad (Luk 7:44). By 'n ander geleentheid het 'n vrou sy hoof met baie kosbare reukolie gesalf (Matt 26:6). Net so ongehoord is dit dat Christus Hom nie net tot vroue in Israel gewend het nie, maar ook selfs buite Israel. In hierdie verband kan gedink word aan die genesing van die dogtertjie van die Grieks-Kanaänitiese vrou wat aan 'n bese gees gely het (Mark 7:24-30; Matt 15:23-28) asook sy lang gesprek met die Samaritaanse vrou (Joh. 4:1-26), en dit terwyl die Jode op die Samaritane as 'n bastergeslag neergesien het.

As gevolg van Christus se optrede breek daar vir die gelowige vrou 'n nuwe vryheid aan as gevolg waarvan die plek wat sy in die Ou-Testamentiese bedeling gehad het, verruim en oortref word. In Christus word sy 'n nuwe skepping (2 Kor. 5:17), word sy mede-ontvanger van die Heilige Gees (Hd. 2:18) en 'n medelidmaat van die gemeente (Hd. 1:14; Gal. 3:28); sy is mede-ontvanger van die heilige doop (Hd. 16:15) en mededeelnemer aan die maaltyd van die Here (Hd. 2:42,46); sy is medearbeider in die gemeente (Rom. 16), mede-ontvanger van die gawes van die Gees (1 Kor. 12) en mede-erfgenaar van die genade (1 Pet. 2:7).

Inderdaad wys die skopus van die evangelie van Christus op die algehele gelykwaardigheid van man en vrou in die kerk (Gal 3:28) en ook in die huwelik (1 Kor. 11:11,12). Dit wys in die rigting dat vrouens deur die Here geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te kan dien.

(vervolg op bls. 3)

Wat in die Bybel veral opval, is dat vroue begiftig is met die profetiese gawe. In die Ou Testament lees ons van Mirjam en Gulda as profetesse – asook ander vrouens wat op besondere wyse opgetree het: Debora (rigteres), Rut (Moabiet), en Ester (prinses). Die Nuwe Testament begin met 'n profetes Anna (Luk. 2:36) en in Petrus se Pinksterpreek verwys hy na seuns én dogters wat sal profeteer (Hd. 2:17) (soos Joël 2:28 voorspel het). Verder verneem ons van die vier dogters van Filippus wat oor profetiese gawes beskik het (Hd. 21:9). Ook in die gemeente van Korinte was daar profetesse (1 Kor. 11:5). Vrouens word ook die eerste boodskappers en verkondigers van die opstanding van Jesus (Luk. 24:1-12) – en dit in 'n tyd toe vrouens nie in 'n hof as getuies kon optree nie.

As ons die bostaande argumente oorweeg, lyk dit of die Skrifgetuigenis ten gunste van vrouens in die predikantsamp voor die hand liggend is. As iemand dan die vraag sou vra waarom Christus nie self vrouens as apostels gekies het nie, moet die teenvraag gevra word: mag vrouens dan nagmaal vier, want daar was ook nie vrouens betrokke by die eerste nagmaalviering nie? Daarby was daar wél vrouens betrokke by sy wyer kring van dissipels en navolgers.

Wat dan van al die swyggebod- en onderdanigheidstekste wat ons veral by die apostel Paulus aantref? Die kritiese teologie trek eenvoudig hierdeur 'n streep en sê dat Paulus oudmodies en anti-feministies was. In die gereformeerde tradisie maak ons egter erns met elke Bybelteks maar lees daardie teks binne sy konteks en veral in die lig van die koms van Christus, d.w.s Christologies.

Ons moet deeglik rekening hou met die kultuurhistoriese konteks waarin 'n skrywer verkeer en waarbinne hy sy raad gee én met die kultuurhistoriese konteks waarbinne die moderne leser verkeer as hy/sy die teks lees. 'n Goeie voorbeeld in hierdie verband is Paulus se opdrag dat vrouens 'n hoofbedekking na 'n erediens moet dra (destyds het straatvrouens kaalkop geloop en Paulus wil hierdie misverstand voorkom).

Nog 'n voorbeeld wat genoem kan word, is die seremoniële wette wat in die Ou Testament aangetref word. Ons bely (NGB 25) dat hulle in Christus vervul is en daarom vir christene afgeskaf is, hoewel die “waarheid en inhoud” daarvan nog steeds hulle betekenis behou. 'n Ander voorbeeld is: Christus het nie slawerny afgeskaf nie en slawerny is vir eeue op grond van die Skrif verdedig maar uiteindelik is slawerny op grond van die Christologiese perspektief (die nuwe vryheid in Christus) (Filem. v 16) afgeskaf en totaal verwerp.

Die Christologiese benadering het ook betekenis vir die kerkliedere wat ons sing, veral die Ou-Testamentiese Psalms. Almal pragtige liedere, maar daar ontbreek 'n Christologiese perspektief – soos wanneer 'n dominee oor 'n Psalm sou preek. Christene sing die Psalms eenvoudig anders as wat 'n Jood dit sing. Christene sing die Psalms met 'n Christologiese perspektief. Persoonlik sou ek verkies dat by elke berymde Psalm 'n slotvers bygedig word wat daardie Psalm Christologies ontsluit.

'n Ander faset wat ook genoem moet word naas dié van Christus, is die werk van die Heilige Gees. Hy het nie net die Bybelskrywers geïnspireer nie, maar verlig ook die harte van die Bybellesers. Hy lei hulle ook “in die hele waarheid” (Joh. 16:13), d.w.s die waarheid van Jesus Christus wat dié Waarheid is (Joh. 14:6). Dit beteken nie dat die Gees met nuwe waarhede kom nie, maar Hy laat gelowiges die betekenis en omvang van die heilswerk van Christus in nuwe kontekste beseef en bring so nuwe insigte van die ou waarheid.

Ons sluit af. Die befaamde Nederlandse teoloog, Herman Bavinck, het opgemerk dat “lank nie alles wat in die Skrif opgeteken is, het normatiewe gesag vir ons geloof en lewe nie. Veel van wat deur God gebied en ingestel was, of deur profete en apostels voorgeskryf en verorden was, gaan ons nie meer regstreeks aan nie en het op vroeër lewende persone betrekking.” Bavinck onderskei dus tussen voorskrywende en beskrywende dele in die Bybel en hierdie onderskeid moet baie noukeurig verreken word by die lees van die Skrif. 'n Mens sou ook kon onderskei tussen tydlose waarhede (soos: God is Skepper en Voleinder, Jesus is Verlosser en Here, die Heilige Gees is Helper en Vernuwer), tydgebonde waarhede (soos: die seremoniële wette in die OT wat net vir Israel gegeld het) en tydgerigte waarhede (soos: die hoofbedekking van vroue in die Korintiese gemeente).

Die lees van die Bybel verg dus 'n baie noukeurige lees, 'n Christologiese lees, 'n lees onder leiding van die Heilige Gees, anders lees ons die Bybel verkeerd met uiters nadelige gevolge.

**Prof Amie van Wyk**

### 'n Probleem by sommige Klassisse

Die afgevaardigdes van 'n gemeente waar susters reeds as ouderlinge dien, is onlangs by die aanvang van 'n klassisvergadering begroet deur etlike besware teen hulle teenwoordigheid. Die besware het uitgeloop op die voorsitter van die moderamen se beslissing dat daardie afgevaardigdes hul sittingsreg verbeur.

In die klassis was dit bekend dat vroue-ouderlinge in daardie gemeente dien en dat die afvaardigende gemeente voorbehoude teen enkele sinodebesluite huldig; naamlik teen besluite van 2015 (wesentlike saak) en 2016 (bevestig 2009-besluit dat vroue nie as ouderlinge of predikante mag dien nie). Ten spyte daarvan dat die betrokke gemeente getuig het van hul vaste voorneme om die kerklike weg met hulle besware te volg en in alle opsigte die kerkverband te behou, is die beswaardes gelyk gegee en daardie gemeente se afgevaardigdes van hul sittingsregte ontnem.

### 'n Kwelvraag

Is daar enige gesag (Skrif, Belydenis of Kerkorde) waarop die beswaardes hulle kan beroep vir hul besware teen die teenwoordigheid van afgevaardigdes **wat die Openlike Verklaring (OV) eendragtig saam met die volle vergadering wil ondersteun?** In hierdie stuk geniet slegs die OV (in samehang met die Kerkorde (KO) aandag as moontlike gesag vir sodanige optrede. Sommige beswaardes en ander klassisgangers beroep hulle wel op die OV.

Of daar in die kredensiebriewe en Art 31 KO gronde voorkom vir gemelde besware en die summiere ontneming van 'n gemeente se sittingsregte, word elders ondersoek.

### Sittingsregte en die OV

Sittingsregte by 'n klassisvergadering behels afgevaardigdes se volle toegang tot die klassis (sittings en werksaamhede) asook hul volle voorregte en verantwoordelikhede volgens die gebruikelike orde (spreekreg, stemreg, verkiesbaarheid tot die moderamen, aanwysbaarheid vir konsulent- en deputaatskap asook verkiesbaarheid as afgevaardigdes na 'n Streeksinode).

Onder die opskrif "Deel 5: Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" (Kerkordeboekie 3de hers dr 2015:125) word die volgende aangetref:

*"Voor die Klassis/ Sinode sy werksaamhede begin, word die onderstaande verklaring voorgelees wat deur elke lid toegestem moet word anders verbeur hy sy sitting in die Sinode."*

*Die klassikale/ sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke verklaar openlik en elke lid vir homself as volg:*

*Ons omhels van harte en met goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gehou in Dordrecht in die jare 1618-19, vasgestel en uitgegee is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls of 5 Artikels teen die Remonstrante as ons Belydenis en ons belof om dit deur die genadekrag van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte.*

*Ook die Liturgie deur die genoemde sinode vasgestel aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens.*

*Met betrekking tot die Kerkregering sal ons ons hou aan die kerkorde van bogenoemde sinode van Dordrecht soos dit gewysig is deur die sinodes van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.*

*Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap.*

*Ons wens is om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste gemeenskap en korrespondensie te onderhou.*

*Mag dit die Here genadiglik behaag om sy dierbare Woord aan baie harte te heilig. Dit is die wens en bede van bogenoemde klassikale / sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word. (Acta 1863:8).*

By 'n klassis word die verklaring deur die nuutverkose praeses (voorsitter) voorgelees. Dis nie 'n dokument wat afgevaardigdes kry om deur te kyk en te onderteken nie. Die OV is nie saam met die Kerkorde in die psalmboek gedruk nie. Bloot op die oor af klink die voorgeleese OV egter

(vervolg op bls. 5)



so duidelik gereformeerde en regsinnig dat almal gewoonlik opstaan om die eensgesindheid van die vergadering te bevestig. Geoordeel na die inhoud van die OV, is daar hoegenaamd geen rede hoekom die afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge, die OV nie heelhartig saam met hul klassis kan ondersteun nie.

### 'n Slegte Voorbeeld

Sedert die handeling van Klassis Pretoria-Moot vanjaar in verband met kerke met vroue-ouderlinge, is 'n poging by enkele ander klassisvergaderings bespeur om gemeentes met vroue-ouderlinge buite die kerkverband te stel. So 'n uitdryfaksie kan op verskillende maniere aangevoer word. Een van die metodes is om by die voorlees van die OV besware te opper teen die ontstaan van afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge. Volgens die beswaarmakers maak afgevaardigdes van sulke gemeentes (sou hulle opstaan), 'n vals verklaring "omdat hulle nie die sinodebesluite gehoorsaam nie." Die besware kan dan daarop uitloop dat 'n voorsitter summier daardie afgevaardigdes se sittingsreg of hul stemreg verbeurd verklaar.

Ongelukkig kan die inleidende paragraaf van die OV gerieflik aangehaal word vir die regverdiging van sodanige optrede. So word die OV, 'n verklaring gerig op eensgesindheid, 'n middel tot verdeeldheid. Die beroep op die OV kan stilswyend gedoen word en die reëling dat sittingsregte verbeur is, word soms ingeklee as 'n besluit na aanleiding van Art 41KO. Speel die meerderheidstem by so 'n situasie nie 'n groot rol om 'n soort summiere sensuur op 'n minderheid te oefen nie?

### Kollegialistiese Optrede

Dit is kommerwekkend dat die OV so misbruik kan word in ons presbiteriale kerkregeringstelsel. Eerstens bied dit vir die broeders wat "liggewapen" klassis toe afsit, die "kerkregtelike" uitkoms uit 'n minderheid se beroep om hulp, geduld en onderlinge bystand. Verder werk hierdie misbruik oorheersing van die minderheid deur 'n meerderheid direk in die hand; dit word aangewend as 'n soort wet buite die Skrif om; dit sluit juis die kerklike weg toe vir die gemeentes wat tans nie die genoemde sinodebesluite in praktyk kan stel nie en ook nog nie gereed is om die vraag na vroue in die diens van ouderling en predikant weer ter tafel te bring nie.

Die vraag is nou of die bogemelde aanwending van die **inleiding tot die OV** ondersteun word deur enige bepaling van die KO? Die KO voorsien beslis geen bevoegdheid aan meerdere vergaderings om gemeentes uit die kerkegemeenskap te stel nie al pretendeer die

handeling van Klassis Pretoria-Moot (19 April 2016) om so-iets te bewerkstellig.

### Die Beswaardes Buite Orde

Beswaardes se beskuldigings (hier bo uiteengesit) ontspring waarskynlik uit 'n gevaarlike dubbele veronderstelling. In die eerste plek word veronderstel dat diegene wat die verklaring aflê, bevestig dat hulle alle sinodebesluite van die GKSA getrou handhaaf. 'n Letterlike uitleg van die OV laat nie toe dat gesê kan word elke lid (d.w.s afgevaardigde) met goeie gewete onderneem om **elke sinodebesluit van die GKSA** te handhaaf nie.

Die fokus van die verklaring val op die omhelsing van die eeue-oue **Formuliere van Eenheid**. In die tweede plek word foutiewelik veronderstel dat die OV (of ander bepaling van die KO?) 'n summiere tugreg (ekskommunikasie/ afsnyding) aan meerdere vergaderings opdra, wat hoegenaamd nie die geval is nie.

Wat die kerkregering betref, verg die OV verder dat elke afgevaardigde onderneem om hom te hou aan die kerkorde van die Dordtse sinode **soos laasgenoemde gewysig** is deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

So ver my kennis strek het geen van die gemeentes wat vroue as ouderlinge bevestig het, of beplan om te bevestig, enige probleme om die Dordtse Kerkorde (soos gewysig) te onderhou nie. Te meer is dit die geval omdat die besluit van ons sinode oor vroue se dienste as ouderlinge en predikante nie belydenissake raak nie, geen kerklike dogma daarstel nie en geen regverdiging bied vir kerkskeuring nie.

### Ten slotte

Afgevaardigdes van gemeentes wat tans nie die bogenoemde twee sinodebesluite kan implementeer nie, omdat laasgenoemde, in die lig van Gods Woord nie oortuigend is, tree geensins valslik op deur die OV in alle opsigte te omhels en te handhaaf en sodoende hul sittingsregte by klassisse voluit te geniet nie. Dit lê op die weg van goeie voorsitterskap en Bybelse leierskap om beswaardes wat die weg opgaan wat hierin beskryf is, tot orde te roep en só kerkeenheid op die lang termyn te bevorder.

**Hans Malan**

## UIT ALLE OORDE

### Ware Verteenwoordiging 'n Probleem binne die GKSA

Die spanning tussen sentralisasie (“kerkverband”) en desentralisasie (“plaaslike kerk”) is niks nuuts in die kringe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) nie. Ongelukkig ook nie die terme “kollegialiste” en “independiste” waarmee die draers van hierdie spanning mekaar etiketteer nie. Dit het weer sterk na vore gekom na die onlangse (omstrede) besluit van die Algemene Sinode oor die posisie van die vrou in die ampte. Ongeag die meriete daarvan het die besluit as sodanig, sowel as die wyse waarop dit geskied het, weer eens verteenwoordiging as 'n sentrale probleem vir die GKSA na vore gebring.

Aanvanklik het die GKSA-kerkorganisasie geen konfederale afvaardigingsproses (kerkraad > klassis > partikuliere sinode > nasionale sinode) na die verskillende kerkvergaderings geken nie. Elke kerkraad het regstreeks 'n afvaardiging na die betrokke vergaderings gestuur. Verskeie praktiese probleme - maar veral die moeilik hanteerbaarheid en huisvesting van groot vergaderings – het gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu uitgeloop op 'n verkleining van die nasionale sinode waarvolgens klassisse in 'n aantal partikuliere sinodes sou opgaan en die partikuliere sinodes, deur middel van 'n beperkte aantal afgevaardigdes, 'n nasionale sinode sou vorm.

Hierdie ontwikkeling het daartoe gelei dat die GKSA-kerkorganisasie toenemend sinodokraties geword het. Deurdat bepaalde kerklike aktiwiteite vir 'n bepaalde kerklike vlak voorbehou word, word plaaslike kerke maklik van sodanige aktiwiteite vervreem of afgestomp. Hierdie neiging word versterk deurdat die besluite van meerdere vergaderings, desnieteenstaande die nie-verteenvoordingendheid daarvan, op die plaaslike kerk afgedwing kan word – iets waarvan die genoemde verskil oor die vrou in die ampte 'n goeie voorbeeld is. In kort: gebrekkige verteenwoordiging maak dat die gees van art. 30 KO in die GKSA nie tot sy behoorlike reg kom nie.

Is daar dan 'n moontlike oplossing vir hierdie probleem, of het konvensie en die bona fide praktiese probleme ware verteenwoordiging vir alle plaaslike kerke binne die GKSA onmoontlik gemaak? Tegnologiese ontwikkeling maak dit prakties moontlik dat elke kerkraad sy eie mening oor enige aangeleentheid wat hom raak, kan formuleer en met alle ander kerkrade kan deel. Daar word hiervoor wel nog 'n sentrale verwerkingseenheid benodig, maar dit is bloot

administratief van aard, sonder die gevaar van toenemende sinodokrasie. Wat nou noodsaaklik geword het is die nodige wil om die GKSA-kerkorganisasie in ooreenstemming met die eise en moontlikhede van die 21-ste eeu te bring.

*Gerhard Labuschagne*

## Dit laat my wonder...

Ek is 'n "gewone" lidmaat, met geen teologiese agtergrond of -opleiding nie. Ek het wel 20+ jaar ervaring as ouderling in 'n paar Geref. Kerke. Maar uit 'n praktiese hoek **wonder ek oor:**

- Hoe kan die kerk enigsins vra oor hoe om **eietyds en relevant in die wêreld te wees / te bly**, as dit die mees basiese menseregte- en gelykheidsbeginsels (ook Bybelse beginsels, of hoe?) eenvoudig verbygaan?
  - Al die protestantse kerke is bekommerd oor **lidmaatgetalle** wat krimp - tog ignoreer die GK die gawes van vroue wat met impak tot uitbreiding van die Here se koninkryk kan werk. Belangriker, om tradisionele opvattinge in stand te hou, of om alle gawes in diens van die koninkryk aan te wend?
  - Ons is bekommerd oor louheid in die kerk, oor mense wat swaarkry en gebuk gaan onder vele probleme, mense met behoefte aan werklik indringende **geestelike ondersteuning en versorging**. Tog erken ons nie die gawes van vroue om ook met die oog op soveel nood, in kerklike ampte te kan dien nie – grens dit dalk aan 'n mistasting van ons rol as Christene en as Kerk?
  - Wat is die rol van die **Heilige Gees** in die roeping van ampsdraers? Kan ook vroue, deur die Heilige Gees geroep word om in sodanige ampte te dien? As ons kan aanvaar, ja, selfs kan glo, dat die Heilige Gees, **mans én vroue** tot die ampte roep, beskik ons onmiddellik oor dubbel die poel van gawes vir die werk van die Here deur sy kerk.
  - Ons vertrou vroue om jong geestelike boompies, ons **kinders en jongmense**, te buig (wat 'n verantwoordelikheid!), omdat ons glo dat die Heilige Gees hulle daarvoor roep en toerus. Wat maak die ampte van ouderling en predikant so anders, dat vroue
- (Vervolg op bls. 7)*

nie ook daar met **geestelike leierskap** kan dien nie?

- In die meeste kerkkringe waar ek beweeg, word ek bewus van lidmate wat ongelukkig en teleurgesteld is oor die sinode-besluit in verband met die vrou in die amp. Dit laat my wonder of die gewone **strukture van kerkregering** genoeg voorsiening maak vir inspraak van lidmate by sodanige besluite. Maak die kerklike prosesse / vergaderings / meerdere vergaderings dit té moeilik? Is ons afgevaardigdes na meerdere vergaderings, spesifiek die sinodes, verteenwoordigend van gewone lidmate se sienings? Hoe in voeling is meerdere vergaderings regtig met wat gewone lidmate op grondvlak voel en dink?
- Ek wonder oor hoe sekere **vaste gebruike**, wat in die verlede die GK waarskynlik “gedefinieer en onderskei” het, (my tipering) met verloop van tyd verander of weggeval het:
  - Nagmaalsbediening, vroue-hoede, manspake en dasse, kerkraadslede in spesiale banke;
  - lees van slegs 'n spesifieke (ou) Bybelvertaling; sing van slegs Psalms (net Totius s'n) en Skrifberymings;
  - die gebruik van slegs 'n orrel vir begeleiding; geen koorsang tydens die diens (wel voor-en na die diens);
  - slegs 'n spesifieke liturgiese styl (bv. geen kersprogram / paasprogram word as ere diens erken nie);

- die druk om te alle tye en in alle omstandighede 2 dienste per dag te hou;
- die ongenaakbare toepassing van die tug; die klem op belydenisskrifte (in baie ou taal-idioom); die letterlike lees van die Bybel (soos dit my pas) ... daar is sekerlik nog meer.

Ek as gewone lidmaat, is baie bekommerd oor die GK - hoeveel tyd, vaardige mens-ure (ek dink nie *man*-ure is hier die gepaste term nie!), geld en moeite word op die hoogste kerklike vlakke tot op gemeentevlak spandeer oor sake wat op die keper beskou, dit nie regverdig nie ... dink net as ons al daardie hulpbronne kon inspan om werklik geestelike leiding en arbeid binne en veral buite ons kerk te kon verrig!

Tog is ek opgewonde oor dit wat gebeur in terme van forums (soos hierdie) wat geskep word, werkspanne wat tot stand gebring word, kerkrade wat wyer dink en doen, en leierskap wat na vore kom om rigting en strategie te gee.

Ek is dankbaar vir nuwe inisiatiewe kerkwyd soos die *Omkeerstrategie* - dit is so nodig dat ons hand diep in eie boesem steek, nuut dink, rolle herbesin, stof afhaal, relevant bly ... maar dan moet ons ook eerlik wees dat sinodale besluite soos dié oor die vrou in die amp, werklike potensiaal het om 'n remskoen vir enige nuut-dink en omkeer-planne te wees.

**Groete in Christus,  
Cornél Schoombee**

**Wat laat jou wonder?**

*U is welkom om die **GESELSBRIEF** aan te stuur aan enigiemand wat u meen sou belangstel om dit te lees. U kan ook e-posadres aanstuur vir ons versendingslys.*

*Help ons asseblief ook om die gesprek aan die gang te hou. Deel met ons jou persoonlike ervarings, jou gemeente se besluite en / of standpunte, vrae of gedagtes wat jou laat wonder ens. Laat ons ook weet van iets wat jy dalk raakgelees het wat kan bydra tot die gesprek. Net weer ons epos vir alle bydraes:*

[geselsbrief@gkwapadrant.co.za](mailto:geselsbrief@gkwapadrant.co.za)